DIE BURGER

DONDERDAG 11 DESEMBER 2008

Nicola word 'engel' van Afrika-liefdadigheidsprojek

THINUS FERREIRA
Kaapstad

Die Suid-Afrikaanse model Nicola Breytenbach is nou 'n "engel".

Die langbeen-blondine is die gesig van African Angels, 'n program van die Diamantbemagtigingsfonds om Afrika-bewoners te help op die vasteland waar diamante 'n natuurlike hulpbron is.

Nicola Breytenbach
Foto: ANTHONY FRIEND

Breytenbach is in New York deur Russell Simmons, medestigter van die fonds, as een van die diamant-engele aangewys en sal help om geld vir die fonds in te samel en as die gesig vir bewusmakingsveldtogte te verskyn.

Die fonds se eerste begunstigde is die Cida City Campus, Suid-Afrika se eerste gratis tersiêre inrigting.

Breytenbach, wat al 14 jaar modelwerk doen en in die grootste internasionale glans-modetydskrifte verskyn het, is saam met haar ma van Durban af na Europa toe sy drie jaar oud was. Haar stiefpa het vir die Verenigde Nasies gewerk. 'n Paar jaar later is sy in New York deur Donald Trump as een van die gesigte van Trump Models opgeraap toe hulle na die Groot Appel verhuis het.

"As 'n Suid-Afrikaner wat oorsee bly, het ek gesoek na 'n liefdadigheidsorganisasie met 'n Suid-Afrikaanse verbintenis om te ondersteun," het Breytenbach gesê. "Ek het Cida en die Maharishi-instituut in Johannesburg onlangs besoek. Wat Cida met die ondersteuning van dié fonds vermag het, is ongelooflik."